# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Een geloof. Verskillende lewens.



**UITGAWE 3**

Jy het ꞌn Indiese pastoor bemoedig om dapper te wees, bl. 2-3 • Opdatering: Preetha en Vinita, bl. 4 • Bewaring van die Midde-Oosterse Kerk, bl. 5-6 • Hoogtepunte, bl. 7

# Jy het gehelp om pastoor Shekhar te bemoedig om dapper te wees

**Ten spyte van Indië se grondwet wat vryheid van geloof waarborg, ervaar miljoene gelowiges steeds hier teenkanting.**

Pastoor Shekhar* is een só ꞌn gelowige. Hy het sy seun in die bediening begin oplei, maar in die proses is hy en sy volgelinge tydens ꞌn gebedsbyeenkoms gearresteer.

*"Dit was op hierdie tydstip wat ek besef het ons vervolging het begin,"* sê Pastoor Shekhar…

Daar is beslag gelê op almal se Bybels en gelowiges is vir ure lank by die polisiestasie gemartel.

Shekhar is in ꞌn aparte kamer verder gemartel met houe teen sy kop, wat meegebring het dat sy oordromme gebars het. Hy is onder andere ook daarvan beskuldig dat hy Hindoes betaal om tot bekering te kom. Dié aantyging het hy ontken, wat tot meer slae gelei het. *"Ek was bevrees, hartseer en het ongelooflike pyn verduur."*

Nadat Shekhar en sy gesin beveel is om uit die dorp pad te gee, is hy uiteindelik met ꞌn waarskuwing vrygelaat. Hy het gepoog om die voorval aan te meld, maar dit was tevergeefs. Met geen ander keuse nie, het hy en sy gesin opgepak en gevlug.

Nadat hulle weggetrek het uit die bedreigde omgewing, het sy vrou gewier dat hy of die kinders by bediening betrokke is.



**Jou geskenke en gebede het Geopende Deure-vennote en ander gelowigese in staat gestel om Pastoor Shekhar se gesin te ondersteun met lewensmiddele en mediese uitgawes tydens die herbouing van hul lewens.**



Hy het haar egter oortuig dat geen mate van vervolging God se roeping kon keer nie.

Die aanval het pastoor Shekhar en sy gesin finansieel verwoes. Hulle kon skaars kruideniersware koop of huur betaal, en die mediese uitgawes het handuit geruk.

Gelukkig was Geopende Deure-vennote en ander gelowiges byderhand om die gesin te onderskraag. Jou geskenke en gebede het hulle in staat gestel om die gesin te ondersteun met lewensmiddele en mediese uitgawes tydens die herbouing van hul lewens.

**"In dié tyd van hartseer kon ons aanvoel hoe julle as 'n familie ons ondersteun."** Pastoor Shekhar

*"As 'n dier of 'n voël seerkry, moet hy behandel word,"* sê pastoor Shekhar. *"Ongeag van my geloof, het ek nie die krag gehad om weer op my eie op te staan nie. Julle het vir my gesorg soos 'n beseerde dier en my genoeg krag en waagmoed gegee om weer op my eie bene te staan."*

Danksy jou bydraes en gebede kan pastoor Shekhar en sy gesin voortgaan om 'n lig vir Jesus in Indië te wees. As deel van die Liggaam van Christus, behoort die gesin nou aan 'n geloofsgemeenskap waarvoor hulle opregte waardering het.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.




OPDATERING

# Preetha en Vinita se geloof is sterker as ooit

Ons het vroeër vanjaar ŉ opdatering oor Preetha* en Vinita* ontvang. Ons het hul storie in verlede jaar se Julie/Augustus-nuusbrief gedeel. Hulle is saam met familie deur ŉ groep mans aangerand wat by Vinita se huis ingebreek het.

Die voorval het verbasend genoeg Preetha en Vinita se geloof versterk. *"Ek staan sterk in my geloof. Om 5 uur in die oggend begin ek my dag met ŉ uur se gebedstyd. Al is ek ongeletterd en kan nie die Woord lees nie, luister ek na die Skrif,"* sê Preetha.

*"Na dié voorval het my geloof versterk. Op een of ander manier word ek bemoedig om onwankelbaar in my geloof te bly,"* sê Vinita.

Ongelukkig staar albei vroue steeds vervolging in die gesig. Preetha en haar gesin moes twee keer verhuis om Hindoe-ekstremiste te ontvlug en Vinita verduur steeds geestelike teistering. Om dié rede handhaaf beide vroue ŉ lae profiel.

### Hou asseblief aan om vir Preetha, Vinita en hul gesinne te bid:

- Bid vir wonderbaarlike genesing vir Preetha se arm wat nie wil genees nie.
- Bid dat Preetha se man na sy onlangse hartaanval behandeling kan ontvang.
- Bid vir Vinita se suster, wat ook in die aanval aangerand is en weens haar ongelowige man nie haar geloof openlik kan beoefen nie.
- Bid dat Vinita haar winkel na ŉ meer winsgewende omgewing kan verskuif, waar ongelowige bure haar nie teister nie.

* Name verander vir sekuriteitsredes.



V&A

# Bewaring van die Kerk in die Midde-Ooste

**Vanjaar loop die Hoop vir die Midde-Ooste-veldtog ten einde. Ons het ʼn onderhoud gevoer met die veldtogbestuurder, Rami Abed Al-Masih*, oorspronklik van Sirië. Al-Masih het tydens die gesprek oor die verlede besin en ʼn vooruitskouing gedoen vir dié voorspraakveldtog.**

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

**V: Jy het die veldtog bestuur om hoop te bring vir die Midde-Ooste. Kan jy die konteks skets?**

**A:** Ná talle interne gesprekke met Geopende Deure is die veldtog amptelik in 2016 bekendgestel. Ons het meestal oor ISIS gepraat, wat in 2014 beheer oor uitgestrekte gebiede van beide Irak en Sirië geneem het.

Ons het onsself afgevra of die voortbestaan van die Kerk hierdeur bedreig word.

Die visie was om ŉ globale veldtog bekend te stel, wat uitsluitlik op die Kerk se voortbestaan en Christene in Sirië en Irak fokus.

**V: Wat is die hoogtepunte en implementering van veldtogte wat met kerke in Irak en Sirië onderneem is?**

**A:** Wêreldwyd het ons gewerk aan ŉ uitgebreide mobiliseringspoging om ŉ versoekskrif aan toonaangewende instansies te verskaf. Ná voltooiing is die petisie aan die Verenigde Nasies (VN) se sekretaris-generaal se kantoor in New York voorgelê.

ŉ Jaar ná die voorlegging het die Amerikaanse Ontwikkelingsagentskap ŉ nuwe inisiatief begin om geloofsgebaseerde organisasies in lande soos Irak te ondersteun. Vier van die Christelike organisasies het in die eerste rondte toegang tot beskikbare fondse gekry.

**V: Sewe jaar lange veldtog is lank, wat was van die uitdagings wat jy die hoof moes bied?**

**A:** ŉ Sewe jaar lange veldtog is ŉ uitgebreide reis. Dit op sigself bied ŉ uitdaging: Hoe om die momentum van ons ondersteuners te behou en nie kontakte in regerings- en beleidmakers te verloor nie. Die plaaslike Kerk in Irak en Sirië word ook dikwels met uitputting gekonfronteer, wat verandering stuit.

Nog ŉ uitdaging is die werklikheid dat die Midde-Ooste voortdurend verander. ŉ Regime kan hier oornag van hande verwissel.

**V: Wat kan jy sê oor die visie ná 2022?**

**A:** Die visie is om die Kerk se plek as ŉ Sentrum van Hoop in Irak en Sirië te vestig. Ook vir Sentrums om die siening rondom hulle te projekteer en met die werk aan te hou.

Dankie vir jou gebede en ondersteuning gedurende die laaste sewe jaar. Hou asseblief aan om ons vervolgde familie in die Midde-Ooste met gebede te versterk.




Sommige Irakese Christene, soos Mathi se familie, kon terugtrek ná hul huise in Qaraqosh nadat ISIS weg is.

# Dankie vir jou gebede en ondersteuning!

Ons is dankbaar vir jul gebede en bystand, en kan amper nie glo dat dit reeds die tweede helfte van die jaar is nie. Hier volg ŉ paar hoogtepunte van die eerste helfte van die jaar.

## Geopende Deure Wêreld-waarnemingslys 2022 vrystelling



In Januarie het ons die jaarlikse Wêreldwaarnemingslys met ŉ uitsonderlike geleentheid vrygestel. Ons is dankbaar vir almal wat die verrigtinge kon bywoon, asook vir mediadekking en bewusmaking oor die omstandighede wat ons vervolgde geloofsfamilie in die gesig staar.



## Geslagsgebaseerde godsdiensvervolgingsverslag

Ons is dankbaar dat in die vyfde jaar van verslaggewing oor geslagsgebaseerde godsdiensvervolging (GSRP) die onderwerp momentum kry en dat ons ŉ groter fokus kan plaas op die lot van mans en vroue in die vervolgde Kerk.




## 30 Dae van Gebed vir Afganistan

Dankie aan elkeen wat tydens Ramadan vir ons familie in Afganistan (#1 op die WWL) gebid het.



## Vervolgingsondag

Vir die eerste keer in die geskiedenis van Geopende Deure Suider-Afrika het ons Vervolgingsondag aangebied. Dankie aan al ons vrywilligers en vennote wat aan die geleentheid deelgeneem het.

# Vanuit die hart



Beste vennote en vriende

Dit is moeilik om te glo dat ons reeds in die tweede helfte van die jaar is. Ek vertrou jy is warm, snoesig en sit met ŉ warm drankie terwyl jy die nuusbrief lees.

Dit was ŉ bedrywige seisoen, waar ons ŉ kerkvrywilligersnetwerk begin bou het. Ons vrywilligers het ons tydens die Vervolgingsondag-veldtog in Junie ondersteun met gebed, bewusmaking en fondsinsameling vir gelowiges wat die meeste ly.

Ek is diep geraak deur die nuusbrief se opdatering oor die Hoop vir die Midde-Ooste-veldtog se werksaamhede. Nou in sy laaste jaar, bied die Sentrums hoop en bystand aan oorloggeteisterde burgers van Irak en Sirië.

Die nuusbrief bevat ook inligting oor hoe om aan ons vervolgde familie bemoedigende boodskappe te stuur. Oorweeg asseblief om kortliks woorde van aansporing te rig aan diegene wat weens vervolging ly.

Bid gerus saam met my ŉ kort gebed: *"Vader God, ons vra in Jesus se Naam dat U Koninkryk in alle nasies, woonbuurte en gesinne versprei – ons vra vir ŉ deurbraak waar dit die meeste kos om U te volg – ons dra veral Indië, Irak en Sirië aan U op. Wees genadig Here en mag U wil in elke situasie geskied. Amen."*

Dankie aan elkeen wat aanhou ondersteun en bid vir die bediening en ons vervolgde geloofsfamilie. Ons is werklik bevoorreg om saam met jou ŉ rol te vertolk wat hulle versterk.

Vrede
Lynette

**Lynette Leibach**
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Indien jy terugvoer of voorstelle wil gee oor hoe ons met jou kommunikeer, stuur asseblief ŉ epos aan southafrica@od.org.**


**Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org 064 867 4730
P.O. Box 1771, Cresta, 2118


Vervolg Maar nooit alleen.


Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: **Namibië, Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.


Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org


REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho